

SKRIFGEDEELTE: JOB 4, 5

FOKUSGEDEELTE: JOB 4:8

Elifas – Wat jy saai, sal jy maai??

In die boek Job gaan dit oor die vraag: *Wat veroorsaak lyding?* Gelowiges weet dat lyding nie God se skuld is nie. Lyding en swaarkry is die gevolg van die sondeval. Beteken dit dat God ons straf (met lyding) vir elke sonde wat ons doen?

Elifas (God is soos fyn goud) het so gedink. Elifas was een van Job se vriende wat probeer het om 'n verklaring vir Job se swaarkry te gee. Elifas was afkomstig van Teman uit Edom, 'n plek wat vir sy wysheid bekend was (vgl. Jer. 49:7).

Op 'n diplomatieuse manier gee Elifas 'n verklaring vir Job se swaarkry: *Wat jy saai, sal jy maai. As jy goed doen, sal God jou beloon, maar as jy sondig, sal God jou straf.* Volgens Elifas kry Job so swaar omdat hy iets verkeerd gedoen het, en daarom is die oplossing dat Job berou oor sy sonde moet hê (vgl. Job 5:4). Elifas mag dalk van 'n plek af kom wat vir sy wysheid bekend is, maar sy verklaring van Job se swaarkry is nie wys nie.

Lydning in die lewe van gelowiges is nie die gevolg van God se straf nie. Dit kan nie wees nie, want Jesus Christus het die straf op die sonde in ons plek gedra. Ons ervaar egter nog baie keer lyding omdat dit die gevolg is van die sondige bedeling waarin ons nog leef.

God gebruik hierdie lyding op verskillende maniere in die lewe van sy kinders. Hy kan dit gebruik om ons te tugtig (vgl. Spr. 3:12), Hy kan dit gebruik om sy almag te wys (vgl. Joh. 9:1-3) of Hy kan dit gebruik om ons te suiwer en vir sy diens voor te berei (vgl. 1 Pet. 1:6, 7).

Daar kan nog baie ander redes wees hoekom God lyding in gelowiges se lewe toelaat. Baie keer verstaan ons nie die doel daarvan nie, maar *“ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is”* (Rom. 8:28).

Dra dus jou lyding soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus!

Sing: Skrifberyming 14-2

Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Pretoria-Annlin)